Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Mark van der Vendt**
Direktoraat: Strategiese Mensbestuur
Mark.VanderVendt@westerncape.gov.za | 021 467 2509

Lêerno.: 3/3/2/4/12
Verwysing: 20240111-747

Strategiese Mensbestuursminuut: 0002/2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Adjunkdirekteure, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Hoofde: Distrikskurrikulumondersteuning, Hoofde: Distriksleerderondersteuning, Prinsipale en alle Staatsdienspersoneel

**Onderwerp: Werknemers wat direkteure is van 'n openbare of privaat maatskappy wat sake doen met 'n staatsinstelling**

1. Paragraaf 13(c) van Deel 1, Hoofstuk 2 van die Staatsdiensregulasies, 2016, wat op 01 Augustus 2016 in werking getree het, verklaar dat 'n werknemer *"nie sake met enige staatsinstelling sal doen of 'n direkteur van 'n openbare of privaat maatskappy sal wees wat sake met 'n staatsinstelling doen nie, tensy sodanige werknemer in 'n amptelike hoedanigheid 'n direkteur is van 'n maatskappy wat in skedule 2 en 3 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur gelys is"*. Hierdie bepaling is *mutatis mutandis* van toepassing op werknemers wat ingevolge die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998), aangestel is.

2. Werknemers wat direkteure van 'n openbare of privaat maatskappy is en wat steeds sake doen met 'n staatsinstelling, moet onmiddellik uit die maatskappy bedank en verseker dat hulle behoorlik gederegistreer is op die register van die Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom, of moet hul dienste binne die departement beëindig.

3. Versuim om aan die voorwaardes wat in hierdie minuut uiteengesit is, te voldoen, mag dissiplinêre optrede tot gevolg hê.

4. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle personeel onder u toesig.

**GETEKEN:** LJ ELY
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KORPORATIEWE DIENSTE**
**DATUM:** 2024-01-29